# HOOFSTUK 5

## 5 Ontleding van strydpunte

### 5.1 Inleiding

'n Ondersoek na 'n kousale verklaring van die verskynsel van studente=opstande en aktivistebedrywighede bied 'n beeld van uiteenlopende ver=skeidenheid van opinies. Sommige lê klem op die huislike agter=grond en opvoeding van die moderne jeug, 'n terrein wat ook al weer op verskillende maniere ontleed en geïnterpreteer word. Waar som=mige in 'n lyn met die Freudiaanse denke 'n weerstand- en haatkom=pleks teen die vadersimbool sentraal stel, daar beklemtoon ander die kontinuïteit tussen ouerlike opvoeding en die rebelse optrede van die kind.

Daar is andere wat die klem op euwels in die breë samelewing laat val en die ontevredenheid en opstandigheid van die aktivis geheel en al daaraan wil toeskryf. Die samelewing met sy stereotipe beroep=struktuur waarin so hard as moontlik met die elmboë gewerskaf moet word om bo aan die leer te kom, het vir die jeug 'n onaanvaarbare „rat race" geword. 'n Derde groep laat alle klem op die mislukte kapitalistiese stelsel val. Die oorvloed en die hipergerief wat dit bied, het die kritiese jeug begin koud laat en laat vra na 'n minder gesofistikeerde en eenvoudige lewenswyse. 'n Vierde groep van denkers plaas alle aksent op die nuutontwaakte politieke bewussyn van die linkse studente-intelligentsia. Hulle oë het oopgegaan vir skrei=ende onreg en ongeregtigheid op politieke vlak. Verskillende navor=sers het die ontaarding van die Amerikaanse Universiteit as „multiver=

siteit" geaksentueer en studenteprotes as die vanselfsprekende produk daarvan beskryf. Die gedetailleerde ondersoek na die psigologiese instelling van die individuele student met alles wat daarmee saam=hang, is deur verskillende navorsers aangepak. Verskillende be=vindinge op grond van hierdie ondersoeke het gewys in die rigting van sekere drywende motiewe vir studenteaktivisme.

Dit is dus duidelik dat daar 'n geweldige groot verskeidenheid van faktore aangewys word en dat die beklemtoning van ondersoeker tot ondersoeker verskil. Meer en meer is daar in die later tyd egter op gewys dat die aanwysing van een of enkele faktore ter verklaring van die hele aangeleentheid eensydig, misleidend en te simplisties is.[1] Die verskynsel van studenteopstande is so 'n uiters gekom=pliseerde sosiale aangeleentheid dat geen eenvoudige kousale analise 'n verklaring daarvan kan gee nie. 'n Kousale benadering lewer oneindig baie probleme op, in so 'n mate dat soms nie vasgestel kan word wat oorsaak is en wat gevolg nie.

'n Verdere probleem ten aansien van die kompleksiteit van die ver=skynsel is die vraag wat die balans is tussen enersyds die onmid=dellike aanleidende faktore vir spanninge en onrus, en, andersyds, die langtermyn strukturele gebreke in die samelewing en aan die universiteit soos die aktivis dit sien.

1) Weaver and Weaver, op. cit., pp. 2, 3, 5.

In die derde plek kan niemand voorspel wat die verdere verloop van sake gaan wees nie. Daar is sommige wat die standpunt inneem dat die verskynsel van studenteopstande in die vorm van siklusse verskyn en verdwyn. Hulle hou hulle daarvan oortuig dat die ses= tigerjare so 'n siklus beleef het en dat daar nou weer 'n lang periode van stilte en rus in die studentewêreld sal volg. Enigste regverdi= ging vir so 'n standpunt is die les van die geskiedenis. Ander hou hulle daarvan oortuig dat die probleme op die kampus sal voortbe= staan, miskien met minder opsigtelikheid en minder intensiteit. Vol= gens laasgenoemde standpunt het die verskillende aanleidende faktore, soos byvoorbeeld die oorlog in Viëtnam, rasseongelykheid en die militêre diensverpligting, alleen maar gedien as snellers wat die onderliggende gevoel van onvergenoegdheid en ontevredenheid laat ontplof het.

Hier ontwikkel John R. Searle die gedagte van onmiddellike strydpunte en dieperliggende faktore deur gebruikmaking van die volgende beeld: in die geval van ongesteldheid van 'n persoon of groep van mense kan onderskei word tussen die verlaagde weerstand teen 'n bepaalde siekte en die siekte self. So onderskei hy wat die onderhawige saak van studenteonrus betref, tussen twee onderskeie lae van ver= oorsakende faktore. Op die een laag word die kieme beskryf wat 'n bepaalde epidemie of siekte laat uitbreek het; op die ander laag word die faktore beskryf wat die verlaagde weerstand tot die siekte in die eerste plek veroorsaak het. Die kieme, die onmiddellike oorsake dus, is maklik sigbaar; vir die dieperliggende faktore be= spreek Searle dan sake soos oorvloed van weelde, opvoedingstyl, ver= ouderdheid van instellings, outoriteitskrisis, massifikasie van univer=

siteit, die universiteit as diensstasie, ens. [2)]

John Alexander, wat ook die kompleksiteit van oorsake aksentueer, klassifiseer hierdie oorsake in vier groot kategorieë en stel dit voor as verskillende lae soos in 'n laagkoek. Die toplaag noem hy oppervlakte-oorsake, die tweede die onderliggende oorsake, die derde basiese oorsake en die onderste laag die worteloorsake. Elkeen van die lae van bo tot onder kan nie verstaan word as die volgende laag nie in ag geneem word nie. Onder die oppervlakte-oorsake noem hy faktore soos die Viëtnamoorlog, die dreiging van militêre diens, die rekrutering deur die „Dow Chemical Company" en ander militêrverbonde organisasies, die teenwoordigheid van radikaliste in die studenteliggaam en op die fakulteit, invloed van buite-agitators, allerlei studentegriewe, vrees vir die toekoms, ens. As onderliggende oorsake geld die onpersoonlike optrede van die universiteit teenoor die studente, ineenstorting van die liberale opvoedingstelsel, verandering in die samelewing, agteruitgang van die Amerikaanse huislike lewe, die oorvloed van weelde, ens. As basiese oorsake noem hy net twee, nl. die materialistiese humanisme en die selfgesentreerdheid van die moderne samelewing en individu. Al hierdie oorsake in die boonste drie lae is of direk of indirek gewortel in die een worteloorsaak: die mens is vervreemd van God. Met aanhaling van Galasiërs 6 vers 7 is sy slotsom: „As individuals, as groups of people, and as a society we are suffering the consequences

2) Searle, op. cit., p.153. vv.

of man's rebellion against God."[3]

Hierdie skemas van verskillende lae van oorsaaklike faktore kan as verklarende uitgangspunt baie verhelderend werk hoewel dit nie ont=ken kan word nie dat dit gedruk word deur die beswaar van 'n te skematiese voorstelling van 'n saak wat so uiters gekompliseerd is. Daarby kan baie van die faktore in der waarheid nie beskou word as oorsake nie, maar as toestande, situasies, sameloop van omstandig=hede en soms 'n algemene kultuurpatroon. In sy rapport sê die Scranton-kommissie dat kampusonrus nie 'n enkelvoudige of eenvor=mige verskynsel is nie. Dit is eintlik die kollektiewe resultaat, of die som van honderde en duisende individuele oortuigings en on=vergenoegdhede wat elkeen op sy beurt net so uniek is soos die in=dividue wat dit ervaar. Hierdie individuele gevoelens weerspieël weer 'n reeks van keuses wat elke persoon moet maak omtrent dinge wat hy wil glo, wat hy wil sê, en wat hy wil doen. In die mees direkte en operatiewe sin is dit dus hierdie keuses - hierdie betrokkenhede, om 'n woord wat dikwels deur studente gebruik word, te gebruik - wat die onmiddellike oorsaak is van kampusonrus en wat die dryfveer is vir enige fisiese manifestasie van meningsverskil.

Hierdie handelinge van individuele betrokkenheid by sekere waardes en die verskillende maniere waarop sekere dinge in die wêreld ge=sien en gedoen word, vind nie in 'n lugleegte plaas nie. Dit kom

3) Alexander, John. Campus unrest, some characteristics, causes and cures. Calvinist Contact, Oct. 29, Nov. 5, 1970.

voor, en word ook sterk beïnvloed deur die omstandighede waaronder studente lewe. Hierdie omstandighede kan die aanleidende oorsake van kampusonrus genoem word. In die getuienis wat voor die Kommissie gelei is, het vyf sulke aanleidende oorsake te voorskyn getree, naamlik:

die knellende probleme van die Amerikaanse samelewing, veral dié van die oorlog in Suidoos-Asië en die omstandighede waaronder die minderheidsgroepe lewe;

die veranderde status en houdinge van die jeug in Amerika;

die kenmerkende spiraal in die reaksie op studentebetogings deur die openbare mening; die stygende spiraal van geweld; en

die breë evolusionêre veranderinge wat in die kultuur en struktuur van die Westerse beskawing voorkom.[4)]

Soos dit in Amerika die geval was, so het in ander Europese lande 'n verskeidenheid van faktore as vonke gedien om die ontplofbare situasies aan die brand te steek. In Duitsland was dit waarskynlik die verdwyning van 'n sterk opposisie na die koalisie van die twee groot politieke partye, gepaardgaande met 'n mondigwording van 'n studentegenerasie wat die kleinkinders van die Nazigenerasie is. Hulle was in staat om die Duitse verlede aan te val sonder om oor hulle eie ouers te praat. Die Franse en Italiaanse wetenskaplikes

4) The Report of the President's commission on campus unrest, pp. 55 - 56.

het studenteonrus in daardie lande toegeskryf aan die inkompetensie van die hoogs tradisionalistiese, byna feodale universiteitstruktuur om hom by die behoeftes van 'n vinnig veranderde en uitbreidende sisteem aan te pas. Die „London School of Economics" wat as die sentrum van Britse studenteprotes beskou word, het die benoeming van 'n direkteur as strydpunt gehad: die direkteur is valslik daar=van beskuldig dat hy betrokke was in die ondersteuning van instellings in Rhodesië wat op segregasielees geskoei is.[5)]

So verskil die strydpunte in Amerika ook van kampus tot kampus en van tyd tot tyd. In 1965 byvoorbeeld het R.E. Peterson in 'n deeg=like studie, „The scope of organised student protest in 1964-1965", tot die konklusie gekom dat die strydpunt rondom siviele regte as eerste prikkel vir studenteprotes genoem kan word. Klagte in verband met voedsel en beherende maatreëls ten opsigte van persoonlike ge=drag is as die volgende mees voorkomende oorsake vir studente=ontevredenheid genoem. Die Viëtnamoorlog is die volgende op die lys, terwyl opvoedkundige verbeterings en strydpunte in verband met akademiese vryheid kategorieë was wat die minste as faktore van studenteontevredenheid vermeld is.[6)]

Hierdie patroon het van tyd tot tyd verander. Op 'n sekere stadium, veral na die end van die sestiger jare, het die strydpunt in verband met die Viëtnamoorlog voorrang geniet. Hierdie toestand het in

5) Lipset, op. cit., p.495.

6) Peterson, R.E., op. cit.

1971 weer 'n verandering ondergaan. In 'n nasionale opname in verband met die denke van universiteitstudente oor o.a. politieke, sosiale en seksuele sake, gee hulle die volgende orde van sake waar=oor hulle die meeste bekommerd is: omgewingsbesoedeling, die oor=log, bevolkingsvraagstukke, kernwapens, voedselvoorsiening aan armes, toekoms van stede, rassegelykheid, afdwinging van wetgewing, kwalitiet van onderwys en straatmisdaad.

Alles in ag geneem, skyn dit die beste om hier te onderskei tussen twee kategorieë van faktore. Een daarvan moet beskou word as die meer direkte aanleidende kousale strydpunte vir studentekonfron=tasies. Ons het eerstens dus te doen met stimuli of dryfkragte wat as aansporing gedien het vir aktiviste om tot die daad oor te gaan. Die ander is dieperliggende agtergrondsfaktore wat die klimaat en omstandighede vir aktivisme voorberei het. Sommige hiervan geld sake buite die universiteit en sommige sake binne die universiteit.

Dit is nie maklik om hierdie twee soorte van strydpunte wat in die praktyk in mekaar gestrengel is, te ontwar nie. Aan die een kant het 'n mens ten opsigte van sake buite die universiteit die twee ge=kompliseerde maar nietemin baie duidelik onderskeibare faktore wat dwarsdeur die sestigerjare as die dryfkragte gedien het vir studente=opstande, naamlik, die rassevraagstuk en die oorlogsvraagstuk.[7)]

7) Glazer, Nathan, op. cit., p. 197.
Cf. Keniston wat konstateer: „The two primary issues are the war in Vietnam and racism in America, expecially as the college or university itself seems implicated."
Keniston, Kenneth. What's bugging the students?, op. cit., p. 62.

Aan die ander kant het ons die strydpunte wat direk met die konkrete plek en toestand van hoër onderwysinrigtings in Amerika te doen het. Dit gaan hier oor die funksies van die universiteit, die verhouding van die universiteit tot die samelewing en staat en, meer intern, die verhouding tussen dosente en studente, tussen administrasie en studente, ens.

Vanaf die eerste groot konfrontasie in 1964 het laasgenoemde katego= rie van strydpunte ten opsigte van sake binne die universiteit tweede viool gespeel in vergelyking met die politieke strydpunte. Soms was dit moeilik om waar te neem aangesien die vegterrein gewoon= lik die universiteit self was. Daarby het die universiteit ook in die beskuldigingsbank beland as verteenwoordiger van die „Establish= ment". Waar die universiteit gewoonlik nie die hoofteiken was nie, moes hy tog meeste van die grofgeskut ontvang en afweer. Alles wat die aktivistiese student, vanaf sy gematigde kritiek en optrede tot sy uiters drastiese haat en geweldtaktiek teen die samelewing en die staat, geuiter het, was in die eerste plek teen die universiteit gerig. Die universiteit moes hervorm word, maar hoofsaaklik met die doel om die politieke teëstand van die radikaliste teen 'n korrup= te maatskappy meer effektief te maak. Nathan Glazer noem in 1968 drie redes waarom die universiteit so intens betrokke geraak het: die radikale studente het geëis dat dit 'n skuilplek en basis vir poli= tieke aksie in die gemeenskap moes bied; hulle het die universiteit behandel as 'n surrogaat vir die samelewing in die algemeen, òf uit frustrasie òf omdat dit die naaste teiken is, òf om te oefen in tak= tiek en strategie vir 'n groter offensief teen die groter instellings; en hulle het gehoop om dit eventueel aktief te gebruik in hulle pogings

ten bate van politieke onderwys en mobilisasie. So het die universi=teit die drie funksies vir studenteradikaliste vervul: 'n skuilplek en basis, 'n surrogaat vir, en verteenwoordiger van die onderdrukkende samelewing en eindelik as potensiële aktiewe bondgenoot om die same=lewing te transformeer.[8)]

Trouens, die saak is eintlik nog meer gekompliseerd. Die student het naamlik die universiteit nie máar beskou as 'n surrogaat vir die samelewing nie, maar die twee entiteite grootliks vereenselwig. Die universiteit was vir hom ten aansien van die griewe wat hy daarteen gehou het, 'n samelewing in die klein, 'n mikrokosmos.

As daar dus gedifferensieer word tussen strydpunte buite die kampus en binne die kampus, dan moet dit nie as 'n algehele skeiding opgeneem word nie - dit is hoogstens 'n onderskeiding. Die universiteit was naamlik grootliks betrokke by die oorlog in Viëtnam en in mindere mate het dit ook aandeel gehad in die heersende strukturele rassistie=se tendense van die Amerikaanse samelewing. Keniston stel dit kern=agtig soos volg: „It is not accurate, then, to dismiss the student tension as nothing but a reflection of war and racism outside the campus, when what many protesting students explicitly object to is the influence of war and racism on the campus."[9)]

8) Glazer, op. cit., pp.198, 199.

9) Keniston, Kenneth, op. cit., p.63.
Cf. Glazer, Nathan, op. cit., pp.18, 19.

## 5.2 Strydpunte buite die universiteit

### 5.2.1 Burgerregte

Beide vanuit 'n historiese oogpunt en in terme van die relatiewe frekwensie is die eerste groot strydpunt en spil waarom studenteaktivisme gedraai het, die kwessie van burgerregte vir nie-blanke minderhede.[10)] In 1954 reeds het die Hooggeregshof van die V.S.A. sy bekende beslissing insake desegregasie gegee. In die jare wat daarop gevolg het, het die betrokkenheid van blanke studente in die stryd om gelyke regte vir almal geleidelik gegroei. Teen 1960 was dit georganiseer in twee groepe, naamlik die „Student Non Violent Co-ordinating Committee" (SNCC) en die „Congress of Racial Equality" (CORE).

Die bewegings wat hulle beywer het vir siviele regte, kan beskou word beide as die vertrekpunt en as die oefenterrein vir die studenterevolusie wat gedurende die daaropvolgende jare sou plaasvind. Dit het die studente 'n bepaalde tegniek geleer en die betekenis van oorwinning laat ondervind. Dit het 'n hoë mate van idealisme gewek wat in die kraam van die jeug gepas het.

Albei bogenoemde organisasies, waarvan die eerste hoofsaaklik in die suide geopereer het en die twee in die noorde, het die metode van siviele ongehoorsaamheid teen, in hulle oë, onregverdige wette

10) The Report of the President's Commission on campus unrest, op. cit., pp. 56, 57.

aanvaar en beoefen as die mees effektiewe wyse om die doel van gelyke regte te bereik.

Een van die belangrikste doelstellings van die aktiviste in hulle stryd vir bestendiging van burgerregte was om die aandag van die hele volk op 'n bepaalde saak te vestig, in die verwagting dat hulle steun van die pers en liberale politici sal ontvang. Protesaktiwiteite was dus essensieel bedoel om verontwaardiging by die publiek op te wek, wat op hulle beurt weer, by wyse van die druk van die publieke opinie, optrede van die Federale Regering kon inspireer. Hoewel dit maar 'n klein minderheid van studente was wat gewillig was om betrokke te raak in dade van siviele ongehoorsaamheid, is dit 'n bekende feit dat die oorgrote meerderheid van die akademiese gemeenskap, beide dosente en studente, met die doelstellings van hierdie groepe saamge=stem en hulle geadmireer het vir die moed om selfs die gevangenis te trotseer ten behoewe van hulle saak.[11)]

Die metodes wat toegepas is, is vroeër reeds bespreek. Die be=langrikste faktor is hier dat die ervaring in die burgerregtebewegings die studente voorsien het van 'n stel van beproefde tegnieke, 'n soort radikale patroon of styl, wat gebruik kon word in enige konfrontasie=situasie, sowel op die kampus as daarbuite.[12)]

11) Lipset and Altbach. Student politics and higher education in the United States, p. 201.
Cf. Wallerstein and Starr, op. cit., II, p. xix;
Foster, op. cit., p. 403.

12) Brauer, Jerald, C., op. cit., p. 66.

5.2.2 <u>Viëtnamoorlog</u>

Die tweede groot strydpunt in die denke en doen van die studente=aktiviste is die oorlog waarin Amerika in Suidoos-Asië gewikkel is. Hierdie lang, uitgerekte konfrontasie met 'n vreemde moondheid, ver van die eie vaderland, is nooit deur die Amerikaanse universiteits=jeug met entoesiasme bejeën nie. Allengs het daar 'n gevoel van onvergenoegdheid en ontevredenheid ontstaan en baie het openlik ver=klaar dat hulle dit beskou as immoreel, 'n euwel en 'n aksie wat die Amerikaanse regering so gou as moontlik moet staak. Wat studen=tebetogings betref, was dit nie aanvanklik die mees algemene stryd=punt nie, maar dit het gaandeweg die mees prominente geword.

Jerald C. Brauer vertolk die gevoelens van die protesterende studente soos volg: duisende studente is oortuig, reg of verkeerd, dat die oorlog nie 'n ware uitdrukking van Amerika se verantwoordelike be=trokkenheid in Asiatiese politiek is nie, maar eerder die gevolg van 'n groot gekonkel en voortstrompeling in 'n blykbaar onoplosbare si=tuasie; nietemin word daar 'n beroep op jong manne gedoen om hulle lewens op te offer, nie om hulle eie nasie te verdedig nie, maar slegs om flaters toe te smeer. Intussen skyn dit asof nie=mand wat in 'n verantwoordelike posisie verkeer die morele wil of die wysheid besit om die Amerikaanse volk eerbaar uit die situasie los te wikkel nie. Hierdie studente voel dat die hele Viëtnam-affêre 'n gestrompel in die duister is.

Brauer wys daarop dat daar vir 'n lang tyd geen behoorlike diskus=sie van die probleem was nie, nòg deur die Amerikaanse kongres,

nòg tussen die kongres en die uitvoerende afdeling van die regering, nòg selfs deur die Amerikaanse publiek. Dit was die protesterende en amokmakende studente wat alle instansies so ver gebring het om ernstig aan die saak aandag te gee. Vir baie studente was dit nog 'n voorbeeld van hoe 'n groot burokratiese regering los en vas kan speel met ander se lewens as gevolg van hulle eie flaters in politie= ke sake.[13)]

Dit was veral ten opsigte van die weerstand teen die oorlog dat die taktiek van „teach-ins" op groot skaal toegepas is. Vergaderings wat vier-en-twintig uur geduur het, was geen uitsondering nie. Die betrokkenheid van talle dosente saam met studente was 'n algemene verskynsel. Dit is duidelik dat die radikaliste in hierdie saak nie alleen gestaan het nie. Ondersteuning van medestudente het ge= groei sowel as publisiteit deur die massamedia.

Die toenemende betrokkenheid van Amerika in die oorlog, soos blyk uit telkens nuwe besluite van die regering om meer troepe te stuur en die bombardemente te vermeerder, soos bv. in Februarie 1965 en op verskillende ander geleenthede, sowel as die inval in Cambodia in 1970, het telkens weer studenteaktiviste geleentheid gegee om met meer desperate pogings vorendag te kom. Hulle het soms so ver gegaan as om troepetreine te probeer stop, om op demonstratie= we wyse militêre dienskaarte in die publiek te verbrand en om anti-oorlogspamflette by militêre basisse uit te strooi. Hierdie studente=

13) Brauer, op. cit., p. 51.

onluste het 'n ongekende klimaks bereik na die Cambodia-inval.

Die vraag kom op waarom die studerende jeug van die sestigerjare nie die ratio kon insien van 'n stuiting van die Kommunistiese gevaar in die Ooste nie. Hierdie gevaar word tog allerweë as wesentlik beskou vir alle Westerse demokratiese lande en vir die hele vrye wêreld waarvan Amerika die belangrikste is. Op hierdie vraag antwoord Seymour Lipset deur daarop te wys dat die jeuggenerasie wat in die sestigerjare mondig geword het, geen sterk anti-kommunis= tiese gevoelens en oortuigings besit nie. Die Kommunisme van Rus= land is nie meer geassosieer met die Stalinistiese onderdrukking, die slagting in Tjeggo-Slowakye van 1948 en die wrede onderdrukking van die Hongaarse opstand in die vyftigerjare nie. Selfs die Ber= lynse skandmuur was vir hierdie Amerikaanse studente geen werklike vreesaanjaende voorval meer nie. Betrokkenheid van Amerika in 'n bloedige stryd oor jare in Suidoos-Asië was dus in die oë van dié studente geheel en al futiel en sinloos.[14)]

5.2.3 <u>Militêre diensplig</u>

Militêre diensplig was een van die aspekte van die regeringsbeleid wat die jeug in die algemeen en ook die studente ten nouste raak. Vir elke jongman was daar die moontlikheid om na sy skoolloopbaan vir militêre diensplig opgeroep te word. Uiteraard moes 'n seleksie

14) Lipset. American student activism in comparative perspective, pp.12, 13.

gemaak word omdat almal nie nodig was nie. Gedurende die vyf=tigerjare was die getalle nie so onrusbarend groot nie, maar met Amerika se betrokkenheid in Viëtnam en veral die drastiese uitbrei=ding van die oorlog aldaar het die eis van die vergroting van die militêre mannekrag 'n groter bedreiging geword. In 1965 het die Federale Regering besluit om studente uitstel te gee van militêre diensplig op grond van hulle akademiese status. Universiteite moes dan militêre instansies van informasie voorsien. Dit het oneindig veel probleme opgelewer en was een van die redes waarom studente begin protesteer het.[15)]

Langs 'n tweede weg het die universiteit en studente betrokke geraak by militêre diensplig. Op 1 Julie 1965 het die „Selective Service System" in sy oriënteringsprogram 'n memorandum ingesluit onder die naam van kanalisering („channeling"). Hierin is dit gestel dat militêre diens-seleksie ook tot doel het die kanalisering van manne=krag in baie beroepe en aktiwiteite wat sogenaamd in nasionale be=lang is. Die doelstellings van die dokument is duidelik: „This function is a counterpart and amplification of the System's respons=ibility to deliver manpower to the armed forces in such a manner as to reduce to a minimum any adverse effect upon the national health, safety, interest, and progress. By identifying and applying this process intelligently, the System is able not only to minimize any adverse effect but to exert an effect beneficial to the national

15) Report of the President's Commission on campus unrest, op. cit., p. 31.

health, safety, and interest . . . The process of channeling by not taking men from certain activities who are otherwise liable for service, or by giving deferment to qualified men in certain occupations, is actual procurement by inducement of manpower for civilian activities which are manifestly in the national interest."[16]

Die gevolg van hierdie metode was dat miljoene jongmanne se be=roepskeuse op indirekte wyse deur die militêre sisteem bepaal is. Die betrokke memorandum het eers in 1967 buite militêre kringe aan die lig gekom, maar toe is dit dadelik opgeneem deur studente=aktiviste en voorgehou as 'n bewys hoe die Amerikaanse Sisteem werk en hoedat die universiteit en studente direk daarby betrokke is. Duidelike en skerp kritiek het gekom, veral van die kant van die Columbia Universiteitstak van „Resistance", 'n organisasie van die=gene wat diensplig geweier het.[17]

Op die ouderdom van 18 jaar wanneer registrasie vir militêre diens moet plaasvind, volg daar vir elke jongman ses jaar van intense on=sekerheid aangaande sy toekoms. Hulle wat dit kan bekostig, gaan na 'n kollege of universiteit en word onder sekere voorwaardes vry=gestel. Hierdie voorwaardes hang ook saam met indiensneming deur

16) Channeling. Memorandum from national headquarters Selective Service System, July 1, 1965. (<u>In</u> Wallerstein and Starr, op. cit., I, p. 196.

17) University complicity with war and the draft. <u>The Resistance</u>, Columbia University, June 1, 1968. (<u>In</u> Wallerstein and Starr, op. cit., I, p. 202 v.)

korporasies wie se bydrae tot die gemeenskap geklassifiseer word as „in nasionale belang". Sulke studente kry dan die sogenaamde 2-A-ontheffing van diensplig.

Diegene wat hoër onderwys nie kan bekostig nie, is òf verplig om aan te sluit òf hulle moet een of ander werk aanvaar waarin hulle laag besoldig word, totdat die werkgewers oortuig is dat hulle hulle diensplig verrig het of totdat hulle oor die bepaalde ouderdom is.

In die praktyk kom dit daarop neer dat die meer behoeftiges die uit=daging aanvaar en die las van die oorlog dra. Hulle besoldiging daar is ook goed.

By die universiteitstudent het daar 'n reaksie gekom in die vorm van 'n skuldgevoel. Hy is bewus daarvan dat hy militêre diens vryge=spring het omdat hy ryker of slimmer is as iemand anders. Ter=wyl hy glo dat die oorlog immoreel is, weet hy ook dat sy bevoor=regte status immoreel is. Terwyl hy die status van vrygestel te wees aanvaar, ontstaan daar 'n gevoel van skuld. Volgens S. L. Halleck kan veel van die aktivisme op die kampusse beskou word as 'n vergoeding vir hierdie skuld. Verder is baie van die ontworte=ling van studente op die kampusse 'n metode om uiting te gee aan 'n afkeer teenoor 'n samelewing wat so 'n skuldgevoel veroorsaak.[18)]

18) Halleck, S. L. Twelve hypotheses of student unrest. (In Smith, G. Kerry. ed. Stress and campus response. San Fran=cisco, Jossy-Bass Publishers, 1968, p. 122.)

Die hele saak van rekrutering van studente op die kampusse is ook in die sentrum van belangstelling geruk en in sommige gevalle het dit as kole vir die brandhout gedien. Dit was 'n baie ou instelling in Amerika dat gedurende Januarie tot April van elke akademiese jaar verteenwoordigers van korporasies en die regering die kampusse be= soek om graduerende studente te rekruteer om vir hulle te werk. Die universiteitsadministrasie voorsien dan die rekruterende instansie van kantoorakkommodasie, skeduleer hulle afsprake met studente en adverteer selfs hulle besoeke aan die kampus by wyse van kennisge= wings. Hierdie ou gebruik, wat uit die twintigerjare dateer, het met die Viëtnamoorlog besondere aksent begin ontvang. Dwarsdeur die land het studente onder leiding van die aktiviste daarteen begin demonstreer en selfs die besoeke van die rekruterende instansies probeer blokkeer. Sulke organisasies soos „Dow Chemical Co.", die „Central Intelligence Agency" (CIA) en ander militêr betrokke organisasies het die skyf geword.[19]

Die aantyging van die aktiviste was natuurlik dadelik dat die univer= siteitsowerheid self die oorlog ondersteun deur die kampus oop te stel vir genoemde instansies en hulle selfs sekere fasiliteite te bied. Daarin het studente selfs goeie ondersteuning van dosente gekry. Professor Howard Zinn, professor in Geskiedenis aan die Boston-Universiteit skryf in 1967 'n vlymskerp artikel oor hierdie aangeleent= heid. Sy artikel, wat by uitstek gemik is teen „Dow Chemical Co."

19) Miles, op. cit., pp. 90, 91.
Cf. Wallerstein and Starr, op. cit., I, pp. 245, 246;
Glazer, op. cit., p. 200.

dra die komiese opskrif „Dow shall not kill". Zinn betoog dat as daar wette gepasseer moet word teen moord, brandstigting en aan= randing, dan moet „Dow Chemical Co." ook verbied word om mense te rekruteer vir wapenproduksie. Terwyl daar egter geen wetge= wing bestaan nie, het protesterendes die volste reg om hulle tot maatreëls van siviele ongehoorsaamheid te wend. Fundamentele regte soos lewe, gesondheid en vryheid is op die spel en die wet= like kanale om die griewe by die regte adres tuis te bring, is on= voldoende.[20]

'n Laaste saak wat vermelding verdien rakende militêre diensplig van studente, is die optrede van die „Reserve Officer Training Corps" (ROTC). Dit was in meer as een geval en veral op Harvard-kam= pus in 1968-69, die direkte aanleidende faktor tot ernstige kontro= vers en selfs rebellie.

ROTC is 'n militêre organisasie wat hom ten doel stel om deur mid= del van kursusse aan studente op die kampusse genoegsame kennis en opleiding te bied met die oog op vrystelling van militêre diens= plig. Met hierdie aktiwiteite van ROTC het die universiteite heel= hartig saamgewerk: die saak het aandag ontvang in die katalogus van die universiteit, die benoeming van instrukteurs wat die opleidings=

20) Zinn, Howard. Boston University. Boston University News, 1963; reprinted as a leaflet on many campuses. (In Waller= stein and Starr, op. cit., I, pp. 248 - 255.)

werk gedoen het, is in samewerking met die universiteit gedoen en die kursusse van ROTC het aan die studente akademiese krediet be= sorg wat deur die universiteit erken is.[21)]

Teen hierdie hele opset het die aktiviste in opstand gekom. Hulle eerste argument was dat militêre opleiding 'n funksie is wat onver= enigbaar is met die gees van die universiteit. Ten diepste egter het dit gegaan om hulle diepgaande afkeuring van en hulle opstand teen die oorlog. Waar dit tot openlike konfrontasie gekom het, het die geboue van ROTC gewoonlik 'n voorwerp van brandstigting geword. Die universiteit self is as direkte deelnemer van 'n immorele en on= geoorloofde oorlog in die beskuldigdebank geplaas.[22)]

21) Cf. Wallerstein and Starr, op. cit., I, p. 262 v.

22) Onder die opskrifte: „Recruiting on Campus : Can some recruiters be banned?" en „ROTC: The case of Harvard" wy Wallerstein and Starr, op. cit., I, twee hoofstukke aan die strydpunt van die betrokkenheid van die universiteite en veral Harvard by militêre diensplig van studente. Insiggewend is veral die artikels van Henry Steele Commager oor „The Univer= sity as employment agency", Allan Gilbert oor „ROTC: SDS challenges the liberal position" en uittreksels uit die notule van 'n vergadering van die fakulteit van „Arts and Sciences" onder die opskrif: „What to do about ROTC". Cf. p. 263 v.

## 5.3 Strydpunte binne die universiteit

### 5.3.1 Algemeen

Ons het reeds daarop gewys dat die aktivistiese studentebeweging, hoewel dit binne die universiteit gefunksioneer het, tog meestal tot aksie aangespoor is deur faktore buite die universiteit. Menige na=vorser het die aandag gevestig op die feit dat studenteaktiviste nie veel belangstelling getoon het in breër opvoedkundige vraagstukke waarmee hulle of hulle inrigtings gekonfronteer was nie. Vanaf die eerste studenteopstande te Berkeley tot by die hoogtepunt van die landswye oproer op kampusse, word dieselfde patroon aangetref: ten opsigte van die inisiërende faktore by 'n bepaalde konfrontasie het studente soms die kwaliteit en die metodes veral van voorgraad=se opleiding as 'n rede tot hulle misnoeë opgegee, maar as daar po=gings aangewend word tot werklike akademiese reformasie, dan was hulle belangstelling minimaal.[23)]

Na 'n aanvanklike protes teen 'n bepaalde aangeleentheid wat direk op die universiteit betrokke is, verskuif die belangstelling en die eise van die protesteerders spoedig na ander, meer dringende stryd=punte. Die Berkeley-gebeure lewer hiervan bewys.

Nietemin is daar 'n groot aantal besware wat van tyd tot tyd deur

23) Lipset and Altbach. Student politics and higher education in the United States, pp. 226, 227.
Cf. Hook, op. cit., p.x.

kritici geopper en deur aktiviste aangegryp is op grond waarvan hulle hulle programme van aksie geloods het.

Die Scranton-kommissie dink oor hierdie aangeleentheid soos volg: „A third major protest issue has been the university itself. Though at times this issue has been expressed in protests over curriculum and the nonretention of popular teachers, the overwhelming majority of university-related protests have dealt with school regulations affect=ing students, with the role of students in making those regulations, and more generally with the quality of student life, living facilities, and food service."[24)]

Robert van Waes som die griewe van die protesteerders soos volg op vir sover dit die universiteit raak: hulle objekteer teen die grootte en onpersoonlikheid van die universiteite. Daarteenoor soek hulle identiteit, morele affiliasie en 'n egte gevoel van gemeenskap. Hulle objekteer teen die kurrikulum wat hulle beskou as irrelevant vir die oplossing van die drukkende probleme in die wêreld. Daarteenoor verlang hulle na saaklikheid, betrokkenheid en invloed. Hulle objek=teer teen onderrigmetodes wat hulle verwerp as ingelegde kennis, verpakte formules, en die gebrek aan egte dialoog. Hulle objekteer teen verouderde sosiale reëls. Hulle soek eerder ontsnapping aan as verlenging van adolessensie en verlang om onafhanklike, ontwikke=lende volwassenes te wees met volle verantwoordelikheid vir hulle

24) The Report of the President's commission on campus unrest, op. cit., p. 58.

dade. Hulle objekteer teen die verwaarlosing van hulle regte en vryhede in die klaskamer, in studenteregering, studentepublikasies, studenteorganisasies en in dissiplinêre sake. Hulle begeer waar=digheid, respek, privaatheid en geregtigheid. Hulle objekteer ten slotte teen die gebrek aan 'n betekenisvolle rol in die regering van die universiteit. Hulle glo in studentemag wat hulle definieer as hulle reg om bydraes te lewer ooreenkomstig hulle belange, hulle aandeel en hulle kompetensie in universitêre sake wat hulle lewens affekteer.[25)]

Sommige outeurs wys daarop dat universiteitstudente 'n gevoel kry dat hulle geheel en al gedehumaniseer word. Hulle word vasgevang in 'n opvoedkundige wedloop waarin hulle geen uitweg sien nie. As hy ingeskryf het by 'n universiteit verwag die student dat hy behandel sal word soos 'n mens en dat onderwys die primêre rede is vir sy aanwesigheid daar. Daarteenoor vind hy homself gekomputeriseer, geprogrammeer, gemassaproduseer en geïgnoreer. Hulle veg dus vir wat werklik essensieel is, naamlik, vir hulle menslikheid en die erkenning daarvan. Of hierdie standpunt die toets van die werklik=heid en die waarheid kan deurstaan, is 'n ander vraag, maar dit is soos hierdie studente voel. Die multiversiteit skyn vir hulle soos 'n doolhof waarin hulle geplaas word en waardeur hulle met hulp van verskillende stimuli gemaneuvreer word totdat hulle die

25) Van Waes, Robert. Student freedoms and educational reform. (In Smith, G. Kerry. ed. Stress and campus response. San Francisco, Jossy-Bass Publishers, 1968, pp. 75, 76.)

nodige vorm besit. Hierteen maak hulle beswaar.[26)]

Dit is interessant om die studenteaktiviste self aan die woord te stel. Carl Davidson, 'n leier van die SDS tydens die hoogtepunt van die organisasie, het in 1967 'n pamflet die lig laat sien onder die opskrif: „The multiversity: crucible of the new working class", waarin hy ongetwyfeld die verteenwoordigende mening van die studenteaktiviste van daardie tyd weergegee het. In die pamflet koppel hy die mis=noeë en die opkoms van eise vir studentemag met die burokratiese en die fragmentariese karakter van die „multiversiteit". Davidson beroep hom op Clark Kerr wat reeds voor die Berkeley-opstand soos volg geskryf het: „the undergraduate students are restless. Recent changes in the American university have done them little good ... There is an incipient revolt ... Knowledge is now in so many bits and pieces and administration so distant that faculty members are increasingly figures in a 'lonely crowd' intellectually and institu=tionally."[27)]

Davidson beskou hierdie woorde van Kerr as 'n profesie en konsta=teer dan verder dat die akademiese verdeling van arbeid en die de=personalisasie onder die dosente vir die studente meer as opvallend

26) Brauer, op. cit., pp. 52, 53.
Cf. Sanford, Nevitt. The College student of 1980. (In Eurich, Alvin C. ed. Campus 1980. New York, Delacorte Press, 1968, pp. 188, 189.)

27) Kerr, Clark. The uses of the university. Cambridge, Harvard University Press, 1963, p. 103 v.

is. Wat studente betref, die eerstejaars krap hulle koppe om iets te verstaan van die tersakenheid van baie kursusse in die katalogus, sommige waarvan hulle verplig is om te neem. As voorbeeld van studie wat leeg en nie ter sake is nie, noem hy die onderwerp van 'n proefskrif vir die graad Ed.D aan die Michigan Universiteit: „An evaluation of thirteen brands of football helmets on the basis of cert= ain impact measures". Hy verklaar dan verder: „Irrelevancy, meaninglessness, boredom, and fragmentation are the kinds of attrib= utes that are becoming more and more applicable to mass education in America. We are becoming a people required to know more and more about less and less."

Davidson meen dat die korporatiewe kapitalisme besig is om 'n nuwe werkende klas van tegnici en eksperte te skep wat tot gevolg het isolasie, manipulasie en ontreddering aan die universiteit. Die universiteite is byna almal status georiënteerd, konformisties en outoritêr. Die studente kom hierteen in opstand: „What we are witnessing and participating in is an important historical phenomenon: the revolt of the trainees of the new working class against the alien= ated and oppressive conditions of production and consumption within corporate capitalism."[28)]

Nog een saak wat in meerdere of mindere mate die reaksie van stu= dente en die protes van die aktiviste uitgelok het, was die doelbewuste

28) Davidson, Carl. The multiversity, crucible of the new work= ing class, a pamphlet, 1967. (In Wallerstein and Starr, op. cit., I, p. 86 v.)

druk wat op hulle uitgeoefen word met die oog op produktiwiteit en uitstekende prestasie. Dit lei geen twyfel nie dat die huidige stu= dentegenerasie van kindsbeen af onder druk verkeer om akademies te presteer en om eenmaal te ontwikkel tot 'n hoë vlak van kompeten= sie. Hulle is as 't ware voorberei vir die akademie van die kinder= tuindae af. Hulle is getoets, geadviseer en gedirigeer in gedissi= plineerde paaie wat tot sukses sou lei. Sodanige druk is nouliks bevorderlik vir die skepping van 'n rustige en vreedsame gemeenskap.[29)]

Die voorwaardes en vereistes wat die post-moderne samelewing stel, veral ten opsigte van sy tegnologiese spesialiseringsproses, het die opskuiwing van standaarde van akademiese werk meegebring, waarby die eis vir 'n al groter hoeveelheid werk ook nie uitgesluit is nie.

Terwyl die student self onder druk verkeer en voortdurend tot beter prestasie gedryf word, verwag hy ook kompetensie en uitmuntende werk van die kant van sy dosente. Die vraag is vir hom of hy dit kry. Hy word immers gekonfronteer met massaonderrigmetodes en met talle studenteassistente en juniorpersoneel terwyl die ervare personeel hulle meer met navorsing besig hou.

Die oormatige druk met die oog op kompetensie, wat as die eksklu= siewe en hoogste waarde in die opvoedingsproses beskou word, het volgens Keniston „deviant" tipes van studente voortgebring. Dit is

29) Brauer, op. cit., pp. 54, 55; Cf. Eurich, op. cit., pp. 188, 189.

in besondere mate van toepassing op die aktivistiese tipe. [30)]

Tot dusver het ons in verband met die vraagstukke wat die radikale studente gelei het tot drastiese kritiek, konfrontasie en uiteindelik opstand, verskillende persone aan die woord gehad. 'n Groot aantal sake is so aan die orde gestel, sake wat nie alleen die opinies ver= teenwoordig van navorsers wat by wyse van retrospeksie die gebeur= tenisse beoordeel het nie, maar ook die opinies is van persone wat midde in die stryd gestaan het en wat dus self deel gehad het aan formulering van die griewe.

Aangesien dit moeilik is om enigsins 'n patroon te sien in die talle punte van kontrovers en stryd wat geopper is, wil ons trag om 'n meer sistematiese uiteensetting van die enkele belangrikste en mees algemene sake te gee.

## 5.3.2 Die „multiversiteit"

Die karakter van die Amerikaanse universiteite en van hoër onderwys in die algemeen het gedurende die laaste paar dekades 'n uiters dras= tiese en volgens sommige 'n strukturele verandering ondergaan. Die eerste waaraan dit gesien kan word is wat Clark Kerr noem, die „multiversiteit".[31)] Daarmee bedoel hy die massakarakter van die

30) Keniston, Kenneth. Youth and dissent, p.160.

31) Kerr, Clark, op. cit., p. 6 v.

moderne universiteit. Dit het gedurende die laaste dekades spontaan tot stand gekom en verskillende faktore het daartoe bygedra. Dit skyn asof dit allengs in die moderne samelewing aanvaar word dat elke jeugdige wat die na-skoolse leeftyd bereik en tot daardie peil van onderwys gevorder het ook die geleentheid moet kry om een of ander soort hoër onderwys te ontvang. Dat dit vir 'n uitermate groot persentasie moontlik geword het, is aan die hoër lewenstan= daard wat die deursnee Amerikaanse huisgesin vandag geniet, te danke.

Dit is ook 'n bekende feit dat die eerste stormloop van jeugdiges as gevolg van die na-oorlogse verhoogde geboortesyfer (baby boom) die universiteite en kolleges in 1965 getref het. Sommige universiteite wat op uitbreiding alleen ingestel was en geen selektiewe registrasie toegepas het nie, het hierdeur gesneeubal.[32)] Dit was teen hierdie tyd waarin die groter bywoningspersentasie van jeugdiges ook reeds voldonge feit geword het. Voor die Tweede Wêreldoorlog het een-derde van die jeugdiges wat die hoërskoolloopbaan voltooi het, verder gegaan met hoër onderwys. Teen die helfte van die sestigerjare het heelwat meer as 50% dit geniet. Teen 1969 het ongeveer 40% van alle jeugdiges tussen 18 en 22 jaar hoër onderwys ontvang.[33)] In 1971 het die persentasie gestyg tot 50%, en die „U.S. Office of Education" het bereken dat in 1978 62% van alle hoërskool matriku= lante instellinge van hoër onderwys sal bywoon.

32) Lee, Calvin B.T. The campus scene, 1900-1970. New York, David McKay Co. Inc., 1970, p.122.

33) Bell, Daniel and Kristol, Irving, editors. Confrontation. New York, Basic Books, Inc., Publishers, 1969, p. vii.

Wat die getalle betref, is ongeveer 8 miljoen studente in een of ander kollege of universiteit ingeskryf, teenoor 2,2 miljoen in 1947. Die uitgawes in die ooreenkomstige tydperk het gestyg vanaf $1 biljoen tot meer as $20 biljoen.[34)]

Hierdie fenomenale uitbreiding het die hoër onderwysstelsel drasties verander en dit het veral sekere universiteite getref. Hoewel daar baie nuwe kolleges in die lewe geroep is, was die voor-die-hand-liggen=de antwoord op die studentebevolkingsontploffing om die bestaande universiteite te vergroot. Die universiteit van Wisconsin te Madison het in 1970 meer as 33 000 studente gehad; Michigan 32 000; Berke=ley 28 000. Die universiteite wat die meeste getref is, was die staatsinstellings, ook genoem publieke universiteite. Dit wil nie sê dat al die ander nie ook 'n ongekende groei getoon het nie.[35)]

Die massifikasie van die hoër onderwysinrigtings het 'n groot aantal gevolge gehad waarvan die belangrikste die volgende blyk te wees:

Gesien van die kant van die massa jeugdiges wat soos in 'n stroom na die universiteite en kolleges vloei, het die bywoning van die in=rigtings sy karakter van 'n voorreg te wees verloor. Vroeër was die bywoning van die universiteit die voorreg van hulle wat welaf ouers gehad het of dit was die resultaat van inspanning en deurset=

34) Miles, op. cit., p. 92.
Cf. The President's commission on campus unrest, p. 70.

35) Searle, John, op. cit., p. 170.

tingsvermoë, of in enkele gevalle die deel van verstandelik begaafdes. In elk geval is dit altyd as 'n voorreg beskou en het diegene vir wie dit te beurt geval het, dit waardeer. Op die huidige dag mag daar nog talle studente wees wat net so oor die saak voel; dit is egter net so waar dat daar 'n vloedgolf van studente op die toneel verskyn het wat dit geensins meer as 'n voorreg beskou nie. Dit sou ver= keerd wees om te beweer dat hulle dit as 'n reg beskou; dit is selfs geen saak van 'n opsie of 'n keuse nie. Hulle is aan die universi= teit omdat hulle saam met 'n stroom daar beland het. Hulle bywo= ning van die universiteit het dus 'n karakter van onvrywilligheid, in= dien nie van verpligting en noodsaaklikheid nie, verkry.[36)]

In hierdie opsig het kolleges en universiteite meer en meer die karak= ter gaan vertoon van elementêre en sekondêre skole. Die dwang= karakter is, soos ons vroeër reeds gemerk het, in 'n mate die ge= volg van die proses van militêre diensplig en vryskelding daarvan. Verder het dit ook ontstaan as gevolg van die hoë verwagtinge van die samelewing, van familie en vriende aan die jeugdige gestel. Bo= wendien is die alternatiewe vir die jeugdige van 18 en 19 jaar uiters skraal. Die moontlikheid om gediskwalifiseer te bly wat betref

36) Shils, Edward. Dreams of plenitude, nightmares of scarcity. (In Lipset, Seymour Marting and Altbach, Philip G. Students in revolt, p.17.)
Cf. Searle, John, op. cit., p.140;
Trow, Martin. Reflections on the transition from mass to universal higher education. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p.25.)

betalende en aantreklike loopbane is meer as net 'n realistiese bedrei= ging. Ten slotte blyk dit in die praktyk dat nie-bywoning van kol= lege of universiteit 'n blywende stigma op iemand se lewe plaas om= dat die grootste gedeelte van die tydgenote dit wel gedoen het.

Dit word allerweë erken en selfs onderstreep dat die skynbare ge= dwonge bywoning probleme ten opsigte van motivering, verveling, en gedissiplineerdheid by die student vermeerder het. Groot getalle studente sit vandag op kollege- en universiteitsbanke sonder dat hulle uit eie wil en beweging daar gekom het en hulle aanvaar uiteraard nie die legitimiteit van die inrigting nie.[37)]

Afgesien van die feit dat hulle geen groot belangstelling het vir ern= stige studie nie, ontbreek daar ook by hulle die interesse in 'n gerig= te beroepsvoorbereiding. Die gevolg hiervan is 'n skreeuende on= verskilligheid en verveling wat op hulle beurt weer die oorsaak kan wees van aweregse bedrywighede. Die aanwesigheid van groot ge= talle van sulke onvrywillige, verveelde, onverskillige en ontwortelde studente skep 'n groepsgees van afkeer en gerigte vyandskap teen tradisionele opvattinge van ambisieus en vooruitstrewend te wees. Dit word onwillekeurig gekoppel aan die inrigting wat besig is om mense vir beroepe en loopbane voor te berei, die universiteit naam= lik. Op hierdie wyse word die universiteit die vyand nommer een.

37) Searle, John, op. cit., pp.40, 41.
Cf. Shils, op. cit., p.17;
Trow, op. cit., pp.25, 16.

Wat die werk van die universiteit betref, het die groot getalle dit on=willekeurig op baie vlakke bemoeilik. Die universiteit kon onmoont=lik tred hou om in al die behoeftes wat die vinnige uitbreiding mee=gebring het te voorsien. Personeel- en akkommodasieprobleme het byna onoplosbaar blyk te wees. Klasse van duisend studente en meer is eerder die reël as die uitsondering. Wat dosente betref, was daar vir baie kursusse alleen juniorhulp of studenteassistente beskikbaar. In elk geval het die persoonlike karakter van die kon=tak tussen dosent en student in gedrang gekom. Die universiteit het onpersoonlik geword, indien nie karakterloos nie.[38)]

In 1963 het Clark Kerr, president van die berugte Berkeley van 1964, die „multiversiteit" op siniese maar besonder treffende wyse in sy boek „The uses of the university" gekarakteriseer. Die massale karakter van die „multiversiteit" en die konsekwensies beskryf hy soos volg: „The multiversity is an inconsistent institution. It is not one community but several - the community of the undergrad=uate and the community of the graduate; the community of the humanist, the community of the social scientist, and the community of the scientist; the communities of the professional schools; the community of all the non-academic personnel; the community of the administrators. Its edges are fuzzy - it reaches out to alumni, legislators, farmers, businessmen, who are all related to one or more of these internal communities ... Flexner thought of a univer=sity as an 'organism'. In an organism, the parts and the whole are

38) Lee, Calvin, op. cit., p.123.

inextricably bound together. Not so the multiversity - many parts can be added and subtracted with little effect on the whole or even little notice taken or any blood spilled. It is more a mechanism - a series of processes producing a series of results - a mechanism held together by administrative rules and powered by money ... It is also a system of government like a city, or a city state: the city state of the multiversity. It may be inconsistent but it must be governed not as the guild it once was, but as a complex entity with greatly fractionalized power."[39)]

Ten opsigte van die dosente blyk die „multiversiteit" allermins 'n ge=meenskap van geleerdes te wees, eerder is dit 'n reusagtige en on=persoonlike verhoog waarop professionele loopbane uitgestal word. Gretig om steeds beter professionele status te bekom en nog meer gevoelig vir salarisverhogings, kom die professore vir juniorstuden=te eerder voor as 'n korporasie van uitvoerende amptenare as 'n skool van geleerdes. Die rol van die student in die opvoedingspro=ses is grotendeels passief: hy sit en lees, hy sit en luister en soms sit hy en skryf.[40)] Die opvallende onpersoonlikheid van die groot universiteit laat voorgraadse studente soos 'n groot aantal ratte saam=beweeg in die massale meganisme. En hierdie verlies aan persoon=like relasie tussen studente en dosente veroorsaak die gevoel van vervreemding en ontworteling. Per slot van rekening is dit 'n

39) Kerr, Clark, op. cit., pp. 19, 20.

40) The report of the President's commission on campus unrest, p. 75.

proses van dehumanisering waarin mense mekaar passeer en daagliks kontak het sonder om mekaar te erken. Menslike kwaliteite soos identiteit, betroubaarheid, geselligheid, ens. word onwillekeuring ver=nietig.

Die gevolg van dit alles is dat die voorgraadse studente rusteloos is en in die hart al die simptome van opstand koester. Niks wek méér weerstand as die proses van dehumanisering en depersonalisering nie. John R. Searle konstateer dat verskillende studies oor die frekwensie van kampusonrus 'n hoë korrelasie aangetoon het tussen die grootte van die universiteit en die getal van gewelddadige opskuddings. Hoe groter die universiteit, hoe kwesbaarder is hy.[41)] Berkeley is hiervan 'n uitnemende voorbeeld. Hy is sonder weerga die verge=stalting van wat sy destydse president die idee van die „multiversi=teit" genoem het.[42)]

Die vraag is hier gepas of daar in die algemeen 'n korrelasie tussen aktivistiese bedrywighede van die studente en die grootte van die uni=versiteit bestaan. Hierop moet positief geantwoord word. Kenneth Keniston konstateer: „Thus we might expect - and we indeed find - that protest is associated with institutional size, and particularly with the congregation of large numbers of protest-prone students in close proximity to each other."[43)]

41) Searle, op. cit., p.172.
42) Wolin and Schaar, op. cit., p.8.
43) Keniston, op. cit., p.156.

Keniston praat van 'n „protest-promoting institution"[44] en die heel groot staatsuniversiteite soos Michigan, Berkeley en Wisconsin pas die beste in hierdie kategorie. Die grootste onluste het ook inderdaad daar plaasgevind. Natuurlik is dit nie net die getalle wat die rol speel nie, maar ook die karakter, die beeld van die universiteit. In sy indringende ondersoek oor georganiseerde studenteproteste in 1964-65 kom R. Peterson tot die konklusie dat die meeste voorvalle van protesaktiwiteite op die kampus sowel as daarbuite aan die groot staats- en privaat universiteite en kolleges met hoogstaande prestige voorgekom het. Daarteenoor het hy bevind dat dit byna totaal afwe=sig is by onderwyskolleges, tegniese institute en non-akademiese de=nominasionele kolleges.[45]

Dit skyn asof sekere universiteite 'n groter aantrekkingskrag vir pro=tesgeneigde karakters het. Dit is allermins die inrigtings met 'n swak akademiese reputasie. Dit is veral inrigtings wat bekend staan vir akademiese uitmuntendheid en vryheid, verbind met 'n hoë selektiewe toelatingsbeleid wat geneig is om groot getalle potensiële protesterende studente op die kampus saam te trek. Sekere inrig=tings dien dus as magnete vir potensiële aktiviste, nie soseer van=weë hulle eie reputasie van politieke radikalisme nie, maar eerder vanweë hulle akademiese voortreflikheid.[46] Die drie genoemde in=rigtings is natuurlik nie die enigste wat in hierdie kategorie val nie.

44) Keniston, op. cit., p.155.

45) Peterson, op. cit.

46) Keniston, op. cit., p.156.

Daarnaas kan ook Columbia, Stanford, Chicago, Oberlin, Harvard en andere genoem word.

Wat politieke radikalisme betref, moet die name van Berkeley en Wisconsin uitgesonder word, aangesien hulle jarelange rekord besit as sentra vir radikalisme. Hierdie beeld gaan so ver terug soos die tyd voor Wêreldoorlog I. Die linkse groepe van intelligentsia het altyd daar onderdak gevind. Dat dit dus in die sestigerjare op die voorpunt van konfrontasiepolitiek was, is te verstaan.

Nog 'n rede waarom die „multiversiteit" die meeste geleentheid vir onrus bied, is die feit dat daar sulke groot getalle onderwysassis= tente gebruik word. Die protesterendes bestaan gewoonlik uit voor= graadse studente maar hulle leiers was in talle gevalle die onderwys= assistente. Dat dit juis hulle is, vind sy oorsaak daarin dat hulle hulleself baie maal beskou as geëksploiteerde, onderbetaalde, gefrus= treerde en misbruikte persone.

Daniel Bell het die aandag op 'n ander belangrike faktor in die ver= band gevestig. Die onderwyspatroon, vir sover dit die universiteite raak, het iets gaan vertoon van 'n nasionale karakter. Hy beweer dat daar „a national university system" ontstaan het. Dit hou in dat die professie, eerder as die partikuliere inrigting die fokuspunte vir die aandag en hoofbelangstellings van 'n professor geword het. Dit het weer op sy beurt 'n geografiese en sosiale mobiliteit van professore in die Verenigde State veroorsaak, wat sonder presedent in die geskiedenis is. Hierdie proses moes ook onwillekeurig mee=

bring dat die kortsluiting tussen dosente en studente vergroot.[47)]

Dat daar vroeër 'n besondere intieme, persoonlike kontak tussen pro= fessore en studente bestaan het, word deur Christopher Jencks en David Riesman as 'n mite bestempel. Hulle meen dat daar altyd maar 'n gaping was. Wat dit egter in die huidige tyd vererger het, is die hoë mate waarin die doserende personeel professionalisasie be= oefen. Hulle belangstelling en aandag, vir sover dit die student be= tref, reik nie verder as die akademie nie. Van vorming van die karakter van die studente en van enige interesse in die nie-akademie= se lewe van die jongmanne en -vroue, is daar weinig sprake. Stu= dentegedrag in hulle persoonlike lewe gaan hulle dus nie aan nie. Hiernaas word selfs van voorgraadse studente van die kant van die dosente veel verwag, miskien te veel. Jencks en Riesman stel hier= die saak en sy konsekwensies duidelik soos volg: „They want under= graduates to act like graduate apprentices, both socially and intellect= ually, and when a particular undergraduate deviates from this norm they tend to say that he 'doesn't belong at a university'. Since only a minority of undergraduates have either the talent or the motivation to act like apprentice scholars, many professors disclaim responsibil= ity for the majority, urge more selective admission, and hope for the best. They view the faculty and its apprentices as the 'heart of the university', and the still uncommitted undergraduates as an expendable penumbra. The easiest way to ensure that the penumbra does not interfere with the main business of the university is to let its members go their own way relatively undisturbed, hoping that they

47) Bell and Kristol, op. cit., p. viii.

will educate one another or pick up something in the library or from lectures."[48)]

Die verwaarlosing van die voorgraadse studente word deur verskillende navorsers beklemtoon. Kerr verwys na 'n studie wat Harold Orlans in verband met federale ondersteuning aan universiteite uitgevoer het, en wat konkludeer dat federale navorsingstoekennings „has accelerated the longstanding depreciation of undergraduate education at large univer= sities". Hiermee stem Kerr saam hoewel hy as uitsondering enkele privaat instellinge met lang tradisies van baie hoë standaard voorgraad= se onderrig noem.[49)] Vir die depresiasie van voorgraadse onderwys

48) Jencks, Christopher and Riesman, David. The academic revolu= tion. Carden City, New York, Doubleday Comp. Inc., 1968, p. 39.

49) Kerr, op. cit., p. 64.
Bander stel dit soos volg: „With 40 000 students on campus, the multiversity had to put the names of its students on IBM cards, send grades out by code number and install TV monitors in the back of the vast lecture halls so students could see the tiny creature at the distant podium. The knowledge business has catapulted the star faculty member and the rising researcher from a local to a national constituency; his time and his loyalty no longer belonged to his university, but to his discipline, - and to those government and industry who wanted to pay for his specialized consultation. With the new academic enterpreneur spending so much time on the shuttle run to Washington, the actual teaching became the responsibility of section heads, often graduate students." Bander, J. Edward. Turmoil on the campus. New York, The H.W. Wilson Company, 1970, p. 14.

Cf. Sampson, Edward E. and Korn, Harold A., editors. Student activism and protest. San Francisco, Jossey-Bass Inc., 1970, p. 4. Hulle beskou die betrekking van onderwysassistente waar= van op so 'n groot skaal aan die universiteite gebruik gemaak word as 'n grenspos wat talle gevare inhou.

is daar heelwat redes. Lesure het baie verminder, soseer dat min goed bekende geleerdes meer as ses uur per week les gee en aan groot univer=siteite probeer sommige dit nog verminder. Daar is ook min professore wat hulle nog bemoei met voorgraadse eksamenvraestelle. Terselfdertyd het die „American Assosiation of University Professors" en ander dosen=tegroepe deurgedruk met die sogenaamde „up or out"-reëls ten opsigte van promosie as gevolg waarvan die permanente assistent professor prak=ties onbekend is aan die groot universiteite. Die roetineprobleme van die massa hoër onderwys vir sover dit die voorgraadse studente betref het dus in die hande van nagraadse studente of sogenaamde studenteassis=tente beland. Baie van die onderrig word dus gegee deur 'n kategorie van persone wat nie lede is van die dosentekorps nie. Hierdie studente het die rol van bediendes aanvaar wat as bemiddelaars optree tussen die hoogs geprofessionaliseerde fakulteit wat die kurrikulum opstel en be=heer en die nog amateuragtige voorgraadse studente. Gegradueerde onderwysassistente hanteer probleme van studente, sien eksamenvrae=stelle na, luister na klagtes en beskerm die professore van te veel blootstelling aan die onkundiges.[50)]

Die saak het al so ver geloop dat dit skyn asof daar geen keer meer aan is nie. Navorsing, advies, graadvoorligting, ens. lê sodanig beslag op die professore se tyd dat hulle nie weer sover kan kom om aan voorgraadse onderrig soveel aandag te gee soos vroeër nie. Kerr konludeer: „This process has been going on for a long time; federal research funds have intensified it. As a consequence, undergraduate

50) Shils, op. cit., p. 22.

education in the large university is more likely to be acceptable than outstanding; educational policy from the undergraduate point of view is largely neglected. How to escape the cruel paradox that a super= ior faculty results in an inferior concern for undergraduate teaching is one of our more pressing problems."[51]

### 5.3.3 Die kennisfabriek en diensstasie

Die tweede belangrike faktor wat die transformasie van die moderne universiteit soos dit in Amerika gevind word in die hand gewerk het, en nog steeds bewerkstellig, is die faktor van navorsing. Hierdie saak kan baie maklik misverstaan word. Niemand kan ontken dat navorsing naas onderrig die belangrikste funksie van die universiteit is nie. Navorsing mag selfs nooit van voortreflike studie en die tradisionele onderwyspatroon geskei word nie. Dit is 'n integrale deel in die hantering en ontwikkeling van enige wetenskap. As in= stellinge vir hoër onderwys oor geleerdes op sy personeel beskik wat alleen aan doseerwerk aandag gee en die navorsingswerk verwaarloos, al is die geleerdheid van sulke persone hoe voortreflik, moet daardie instellings se gehalte van onderwys daal.

Die laasgenoemde ontwikkeling kan bemerk word in die Sowjet-unie waar alle navorsing van die universiteit losgemaak word en in 'n Akademiesisteem gekonsentreer is. Die gevolg is dat die Sowjet-

51) Kerr, op. cit., p. 65.

unie se universiteite tweederangse instellings is vir sover dit hulle doserende personeel betref. In die V.S.A. gaan doseer- en na=vorsingswerk teoreties hand aan hand. As gevolg van die groot ak=sent wat in die laaste dekades op die aspek van navorsing geval het, het die Amerikaanse „graduate school" groot beroemdheid in die aka=demiese wêreld verwerf.[52) ] Hierdie lof kom die Amerikaanse uni=versiteite oor die algemeen toe en hulle moet erkenning daarvoor on=vang.

In die kader van die onderhawige studie van studenteprotes en kampus=onluste kry hierdie faktor egter ook 'n aksent wat meer negatief van aard is. Dit is hieraan wat nou aandag gegee word. By die be=handeling van die vorige punt van die „multiversiteit" is reeds op die feit van die verwaarlosing van voorgraadse studente gewys. Dit is vir geen geringe mate nie die gevolg van die swaar navorsingsplan van veral die senior dosente. Hierby moet nou benadruk word dat die direkte uitvloeisel van 'n te sterk klem op die navorsingswerk onwillekeurig 'n verwaarlosing van die ander ewe belangrike aspek van die akademie, nl. die doseerwerk, meebring.

In die behandeling van die aspek van groter navorsing deur die uni=versiteitspersoneel, verklaar Lipset: „This reflects the increased professionalization of the faculty and the extent to which teaching as

52) Bell and Kristol, op. cit., pp. vii, viii.

such has declined as the main identification of the professor.[53)]

Dat dit tot soveel professionalisasie gelei het, hang beslis saam met die vermenigvuldiging van die gedifferensieerde velde van ondersoek,

53) Lipset, Seymour Martin. American student activism in com= parative perspective, p. 19.
Cf. Weaver, Gary C. and Weaver, James H. The university and the revolution. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, 1969, p. 30.

'n Indringende studie van die proses van professionalisasie van die Amerikaanse universiteitswese is gemaak deur Christopher Jencks en David Riesman in hul boek: „The academic revolu= tion", hoofstuk 5 (pp. 199 - 251) oor „professional schools" waar o.a. die ontwikkeling van professionele opleiding van teoloë, medici, ingenieurs, onderwysers en militêre personeel behandel word. Hand aan hand hiermee het gegaan toenemende gerigte navorsing met steun van buite-instansies op byna elke gebied van die wetenskap. So vroeg soos 1869 het Harvard reeds onder leiding van sy president, Charles Elliot, groter aksent geplaas op nagraadse navorsingswerk. Daarna het teen die einde van die vorige eeu ander universiteite soos Yale, Colum= bia, John Hopkins, Chicago en Stanford op dié pad gevolg. Teen die begin van die twintigste eeu kon alreeds gespreek word van die triomf van professionalisme. Tydens die Tweede Wê= reldoorlog en daarna het die universiteite meer en meer be= trokke geraak by grootskaalse oorlogsnavorsing. Die fenome= nale groei in hierdie opsig blyk uit die eenvoudige vergelyking dat in 1939 die Universiteit van Chicago 'n begroting van 6 000 dollar op kernkragnavorsing bestee het en dit is toe beskou as 'n astronomiese bedrag, terwyl teen die middel van 1960 die Universiteit van Californië twee nasionale kernkrag laboratoria aan die gang gehou het met regeringsondersteuning van meer as 200 miljoen dollar per jaar.
Cf. Bander, op. cit., p. 14.

waarvan elkeen gespesialiseerde aandag vra. Elke vak van die weten=skap kan vandag in 'n verskeidenheid van dissiplines verdeel word en elke dissipline het nog weer sy verskeie onderafdelings waarop gespe=sialiseer kan word. Volstandige navorsing het dit moontlik gemaak.

As gevolg van die buitengewone beklemtoning van die navorsingswerk en die ontwikkeling van die kennis op byna elke gebied, is die univer=siteit direk ingeruk in die areas van publieke diens, hetsy dit die publieke ekonomiese instellinge, staatsdepartemente of ander instan=sies van hoofsaaklik nasionale en internasionale belang is. Die kou=sale verband kan, aan die anderkant, ook in die teenoorgestelde rig=ting aangedui word. Dat soveel instansies op navorsing en gerigte ondersoek op gespesialiseerde terreine aangedring het, het die uit=breiding van kennis meegebring. In elk geval is die onoorsienbare betrokkenheid van Amerikaanse universiteite, navorsingsinstitute van universiteite en personeellede by talle buite-instansies vandag 'n vol=donge feit.[54) ] Op elke gebied van die wetenskap kan hierdie be=trokkenheid aangewys word. Nie net die natuurwetenskappe kom hier in die gesigsveld nie, maar ook die geesteswetenskappe. Al die natuurwetenskappe, die opvoedkunde, die regte, die ekonomiese we=tenskappe, die lettere en wysbegeerte, die mediese wetenskap, inge=nieurswese, landbou en selfs teologiese wetenskappe is daarby betrok=ke. Op sekere gebiede soos byvoorbeeld die tegnologiese, militêre, ekonomiese, sosiale dienste, stadsbeplanning, gesondheid, opvoedkunde

54) Cf. Altbach, Philip G. The student revolution, a global analysis. Bombay, Lalvani Publishing House, 1970, p. 16.

en politiek het gerigte, wetenskaplike navorsing selfs groot beleids= bepalings en -veranderings meegebring. So belangrik het die uni= versiteit geword dat dit as 'n onmisbare en onontbeerlike diensstasie in openbare en staatsbelang beskou kan word.

Aan die navorsingswerk is miljoene dollar jaarliks verbind vanweë toekennings van die inisiërende instansies aan universiteite as geheel, aan departemente, aan institute en veral aan individuele navorsers. Die omvang van hierdie toekennings is nie te bereken nie. Die effek daarvan, egter, is ook onberekenbaar. Dit bring onwillekeurig mee dat die instellinge sowel as die persone gekompromiteerd staan en met talle bande aan buite-instansies verbind is. Hulle onafhank= like en outonome plek en funksie het daarmee onwillekeurig in die ge= drang gekom.. Michael W. Miles stel hierdie hele aangeleentheid kernagtig soos volg: „The elite institutions have been affected by a postwar industrialization of education, which consists not only in the expansion of enrollments but in the transformation of the internal character of educational institutions. Higher education has been industrialized in three respects: (1) Funds for the entire system, increasingly coming from the federal government, have been allocated to serve economic purposes, mainly manpower development and basic and applied research. (2) Among the elite institutions, research has taken priority over teaching and graduate education, while the 'service' functions of the universities overshadow both scholarship and education. (3) The higher educational system, whether large universities under corporate forms of organization or state systems managed by superboards, has been subjected to industrial methods of operation. The national results of educational industrialization are

the rise of publicly subsidized, research-oriented universities, the decline of the liberal-arts colleges (which are starved of funds), and the appearance of factory-like community colleges to undertake routine manpower functions. Traditional student-oriented functions, such as undergraduate teaching and liberal education, have declined as a result of the financial weakness of liberal-arts colleges and the priority of research and service functions in the universities."[55]

Van die kant van die linkse radikaliste is die genoemde ontwikkeling van die Amerikaanse universiteite aangegryp en op behendige wyse vir eie voordeel uitgebuit. Een van die bekendste eksponente van die studenteaktivisme, nl. Carl Davidson, beskryf die politieke eko= nomie van die „multiversiteit" as die bedrywighede van 'n „knowledge factory". Hy beroep hom op Clark Kerr wat in sy beskrywing van die „multiversiteit" daarop gewys het dat die universiteit en industrie= wese meer en meer identies word in funksionering. Meer nog, op die universiteit word 'n beroep gedoen om sy aktiwiteite meer en meer met diè van die industrie te laat saamvloei. Davidson be= weer dat daar in die proses vir die universiteit totaal nuwe areas van werksaamhede geskep is - navorsingsassistente, tegnici, indus= triële konsultante, navorsingspromotors, kontrakterende offisiere en navorsingsprojekbestuurders. Navorsing het daarmee veel meer

55) Miles, op. cit., p. 95.
Cf. Altbach, op. cit., p. 16;
Jencks and Riesman, op. cit., p. 14;
Searle, op. cit., pp. 178, 179;
Horowitz, Irving Louis and Friedland, William H. The knowledge factory. Chicago, Aldine Publishing Company, 1970, pp. 132, 133.

strategies geword as onderrig. Wat die universiteit verder laat kwalifiseer as 'n „knowledge factory" is, volgens Davidson, die feit dat dit intens betrokke is by die produksie van 'n belangrike en be= markbare kommoditeit, naamlik, 'n arbeidsmag. Die hele proses van opleiding van studente beskryf hy dan in terme van fabrieksbedry= wighede en eindig met die konklusie: „Teaching is reduced to an uncritical distribution of pre-established skills, techniques and 'data' while learning is transformed into the passive consumption of the same. In its broadest sense, culture - that which is man-made - is turned into its opposite - anticulture - the creature of expand= ing production. Education, meaning 'to enduce', 'to draw out from', has become something that the state gives to people. Finally, teacher and students, both dehumanized distributors and consumers of the knowledge commodity become commodities themselves - some= thing to be bought and sold in the university placement office."[56)]

Davidson meen saam met André Gorz dat die industriële kapitalisme in die wêreld van die onderwys die opstande te weeg bring wat dit in die fabrieke probeer verhoed. In hierdie opstande speel die stu= dente 'n belangrike rol. 'n Studentebeweging mag volgens Davidson suksesvol 'n revolusionêre klassebewussyn onder die toekomstige nuwe werkersklas ontwikkel, wat rondom die strypunte van partisiperende de= mokrasie en werkerskontrole sal organiseer en in opstand kom. Die datum van oorname is 1984.[57)]

Hierdie hele proses kan ook as ekonomisering en sosialisering van die uni=

56) Davidson, op. cit., pp. 94 - 97.

57) Ibid., p. 97.

versiteit beskryf word. Dit is asof die universiteit en die samelewing op verskillende kritieke punte ineen gevloei het. Die tegnologiese samelewing is aan die een kant die produk van tegniese kennis en die universiteite is doelbewus georganiseer en gesubsidieer om die tegniese kennis voort te bring. Aan die ander kant benodig die tegnologiese samelewing 'n leër=skare van kompetente bestuurders, vakkundige tegnici, betroubare klerke en ywerige verbruikers, en hulle verwag dat die universiteit dit sal verskaf. Feit is dat die kampus aan die een kant en die ekonomie, die regering en die samelewing aan die ander kant, so na mekaar toe gevloei het dat dit moeilik is om die grense te onderskei.[58]

58) Wolin and Schaar, op. cit., pp. 9, 25.
Cf. Bloustein, Edward J. The New Student and his role in American colleges. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 49); Raskin, Marcus G. What is the New University? (In Nichols, David C., op. cit., p. 31.)
Raskin behandel die verhouding tussen die universiteit en die samelewing onder die beeld van 'n besigheid: „The customers of the university became those particular institutions with which students would find themselves finally connected. The goals of the students were Achievement and Opportunity ... For practical purposes the universities viewed the students as goods which they certified to the corporate institutions ... The students saw themselves as merchandise."
Verwysende na die oorbeklemtoonde diensmotief van die moderne Amerikaanse universiteit praat Daniel Bell weer van die prag=matiese model waarvolgens dit funksioneer: „Here the function of the university is primarily one of service to the society: service in training large numbers of persons, persons in the application of knowledge, service of the members of the univer=sity in government and elsewhere, and so forth."
Bell, Daniel. Governance of universities in the 1970's. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p. 233.)
Cf. verder Skolnick, Jerome H. The politics of protest. New York, Ballantine Books, 1970[6], pp. 114, 115;
The culture of the university: Governance and education, Report of the study commission on university governance. (University of California, Berkeley, January 15, 1968), pp. 8, 9.

Charles Hampden-Turner het in sy briljante, maar uiters kritiese proef= skrif, „Radical man", die verband tussen die universiteite aan die een kant en die politieke en kommersiële kultuur aan die ander kant gesien as totaal versteur as gevolg van die nuwere verwikkelinge. Die universiteit is nie meer vry om te dink en besluite te neem oor „dangerous ideas" sonder inmenging nie, omdat die handel en die po= litiek groot dele van die universiteit op die personeel van industrieë en regering geplaas het. Dié deel van die universiteit wat nie hier= voor in aanmerking gekom het nie, nl. die studente, het daarom be= sluit om op hulle eie kritiese en dialektiese manier weer 'n balans te bring.[59)]

Die mees aanvegbare skakel tussen die universiteite en die regering was die navorsing wat uit toekennings van federale fondse behartig is. Hewige kontrovers van die kant van die aktiviste is hoofsaaklik toegespits op projekte wat geloods is deur die militêre instansies en die „Central Intelligence Agency". Reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog het militêre navorsingsprojekte algemeen voorgekom. Dit is voortgesit met toenemende vrygewige finansiering gedurende die koue oorlogperiode, en dit het uiteindelik onder bevraagtekening en heftige kritiek gedurende die Viëtnamoorlog gekom.

Die besware teen militêre navorsing het op 'n verskeidenheid van gronde berus. Reeds van die kant van die liberale kritiek is die beswaar geopper dat betrokkenheid by militêre navorsing, soos die

59) Hampden-Turner, Charles. Radical man. New York, Double= day and Co., Inc., 1971, p. 376.

van die „Institute for Defence Analysis", meebring dat universiteite die ideaal van institusionele neutraliteit inboet. Die beoefening van geklassifiseerde en soms geheime navorsingsprojekte sou ook onver=enigbaar met die ideaal van vrye en ope navraag wees. Vervolgens het die liberale kritiek beweer dat die universiteit hom kompromitteer en sy onafhanklikheid in gedrang bring.

Die radikaliste het in hulle kritiek veel verder gegaan. Militêre na=vorsing is, volgens hulle, op sigself verkeerd - nie omdat die uni=versiteit of die navorsing neutraal moet wees nie, of selfs dat die universiteit vry van regeringsinvloed moet wees nie. Hulle het be=klemtoon dat die bronne van die universiteitsgemeenskap aangewend moet word vir sosiaal konstruktiewe navorsing, terwyl militêre na=vorsing in ondersteuning van die Viëtnamoorlog destruktief is.

Radikaliste het daarop aangedring dat oorlogsnavorsing in sy teendeel omgekeer moet word, nl. in vredesnavorsing, soos byvoorbeeld na=vorsing om armoede te elimineer, die regering te desentraliseer en omgewingsbesoedeling teen te werk.

Dit was veral aan die universiteit van Stanford, Californië, waar hier=die saak op die spits gedryf is. Heftige en sterk bewoorde stryd=skrifte het aan weerskante die lig gesien vanaf 1967 tot 1969 totdat die universiteit uiteindelik besluit het om die sogenaamde geklassifi=seerde navorsing te verban. In sy nuwe beleidsverklaring het die „Academic Council" verklaar dat die beginsel van openheid in navor=sing een is van oorwegende belang. Hoewel die bande met die mili=têre afgesny is, het Stanford nie toegegee aan die druk van die radika=

liste om die navorsingsinstituut te sluit nie. Dit het voortgegaan onder 'n afsonderlike raad van trustees.[60)]

Die akuutheid waartoe dié saak te Stanford ontwikkel het en die aan=dag wat dit op talle kampusse ontvang het by wyse van uitdagende klagskrifte en eise van die kant van die aktiviste aan die adres van die universiteitsowerhede, het bewys dat dit naas die besware teen die „multiversiteit", die belangrikste strydpunt was. Té swaar na=vorsingsverpligtinge van professore het hulle taak van doseerwerk in gedrang gebring en studente rede vir kommer en ontevredenheid ge=gee. Daarby het die universiteit as geheel in baie gevalle die ka=rakter van 'n diensstasie gaan vertoon.

## 5.4 Antipatie teen die „Establishment"

Die strydpunte waarom dit vir die aktiviste gaan buite die universiteit sowel as daarbinne kon duidelik geformuleer word. Dit kon selfs, by wyse van sistematisering, teoreties tot enkele fundamentele klag=tes gereduseer word. Meer as eens egter, verneem 'n mens dat daar by die ontevredenes en opstandiges nog 'n dieperliggende onte=vredenheid en misnoeë is.

60) Cf. Wallerstein and Starr, op. cit., I, pp. 211 - 213. Besonder insiggewend is die onderhawige strydskrifte soos ge=publiseer in: Wallerstein and Starr, op. cit., I, pp. 221 - 231.

Ten opsigte van hierdie dieperliggende of basiese klagte hoor 'n mens dan nie maar net van die rassevraagstuk, die Viëtnamoorlog, en wat die universiteit betref, die klagte teen die universiteit as „multiver= siteit" en as „diensstasie" nie, maar daar is sprake van die „System" of die „Establishment". Eintlik is hierdie naam 'n baie vae maar tog 'n tekenende kwalifisering vir die objek van die ontevredenheid, die afkeer en selfs die haat wat daar in die hart van die opstandige student smeul. Hy bedoel daarmee die omvangryke, organisatoriese struktuur wat die kapitalistiese, liberaal-demokratiese Amerika vandag kenmerk: die hele ontsaglike kompleks van „big government, big business, big union, big debts, and big educational institutions." 61) Hy verwerp hierdie magtige, komplekse sisteem en hy keer sy rug op almal en alles wat uitgelewer is aan en die status quo aanvaar van die „Establishment".

Die verwerping van die institusionalistiese opset van die Amerikaanse samelewing is iets waarmee die „New-Left" 'n aanvang gemaak het. Dit is trouens 'n meer populêre en verstaanbare benadering om die wortelprobleme van die samelewing bloot te lê. Hierdie benadering is meer pragmaties en empiries. Dit is ook meer humanisties, terwyl dit minder meganies en dogmaties is. In die manifesto van die „Student for a Democratic Society" (SDS), Port Huron 1962, is hierdie benadering reeds gesuggereer. In die loop van die jare is dit al duideliker geformuleer.

61) Padgett, Jack F. The new breed in search of a new morality. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 28.)

Die „New Left" het altyd in sy kritiek beweer dat daar iets groots ver=keerd is maar tot 'n duidelike omskrywing kon daar nie maklik gekom word nie. Die verklaring van die „Old Left" dat kapitalisme en im=perialisme die worteloorsake van die kwaad is, was te simplisties en onbevredigend. Die „New Left" het daarom met 'n duideliker spesi=fisering van die kwaad gekom: dit is geleë in alle tipes van formele en vaste institusies of instellings. Hulle kritiek is nou dat die groot en magtige institusies alle dele van die samelewing misbruik. Alle mense, trouens, wat in 'n uitvoerende posisie verkeer, of dit nou 'n universiteitshoof is, 'n fabrieksbestuurder, die personeelklerk van 'n onderneming, 'n militêre generaal of 'n regeringsamptenaar - hulle al=mal is in die groot raderwerk van die institusies vasgevang. Die in=stitusies staan self ver weg van die onmiddellike menslike nood en be=hoeftes, daarteenoor maak dit tog op die sterkste persoonlike motive=ring aanspraak om hulle onmenslike doeleindes te bereik. Die moti=veringe sentreer gewoonlik om die begeerte na geld, mag, bevordering, sekuriteit of 'n gerieflike woning.[62)]

62) Glazer, Nathan. The New Left and its limits. (In Gerber=ding, William P. and Smith, Duane E. ed. The Radical Left, the abuse of discontent. Boston, Houghton Mifflin Co., 1970, pp.13, 14.)
Cf. Gish, Arthur. The New Left and Christian radicalism. Grand Rapids, Eerdmans, 1970, p.25.: „They (the New Left) named the system 'Corporate Liberalism'. It is a system that extends from the Cold War to Welfare, from liberal invest=ment in South Africa to the bureaucratic control of the university. It is the organization of society according to the large corpora=tion model, controlled by a small elite (C. Wright Mills). It is a system that excludes people from making decisions that affect their own lives. It is the military-industrial complex, which profits from the continuation of the Cold War and military actions in underdeveloped countries."

Met hierdie benadering van die „New Left" dat die institusies die wortel is van alle huidige euwels en dat hulle met verdraaide motie= we mense in hulle diens gebruik, het die „New Left" 'n analise van die moderne samelewing gegee wat kragtig aan die gemoedere van die aktiviste geappelleer het.[63)] Hulle het nou 'n teiken gehad waar= op hulle pyle afgevuur kon word. Nie maar kapitalisme of imperia= lisme of demokrasie of selfs die Amerikaanse samelewing in die al= gemeen is verrot nie, maar die institusies binne hierdie raamwerke. Die korrupsie, die huigelary, die oneerlikheid wat hulle aangevoel het, kon nou gelokaliseer word.

Hierby word die institusies ook as een inmekaar geskakelde geheel gesien. 'n Steeds groeiende getal radikale studente is byvoorbeeld oortuig dat die kragte van die regering, die industrie en die onder= wys geheel en al inter-afhanklik en bondgenote van mekaar is vir die doel om die status quo te handhaaf. Almal vorm saam die „Estab= lishment".

63) Die „New Left" het intensiewe navorsing gedoen en getrag om ti= piese voorbeelde te vind waarin die „Establishment" op oneer= like wyse sou opgetree het. Gish vermeld 'n aantal sodanige voorbeelde en konkludeer dan: „New Left people have done much research into this sort of thing and found that the decisions of basic policy are often made by people with vested interests in those decisions."
Gish, Arthur, op. cit., p. 25.
Cf. Newfield, Jack. A prophetic minority. New York, The New American Library, 1966, p. 31.;
Lipset and Altbach. Students in revolt, p. 13.

In hierdie nuwe interpretasie van Amerika wat ongetwyfeld die mees revolusionêre verandering inlei, word elke offisiële uitspraak of ver=klaring van die kant van een of ander handlanger van die institusies as hipokrities gesien, elke poging van die regering om 'n probleem op te los as „bedrog in eie belang" veroordeel. Selfs die universi=teit is net maar 'n handlanger van die onderdrukkende „Sisteem".

In plaas van om self ingeruk te word in en opgeslurp te word deur die „Establishment" kom die aktivis op radikale wyse daarteen in op=stand. Hy draai nie maar alleen sy rug daarop soos die Hippie nie, maar hy betoog daarteen, hy protesteer daarteen, hy skryf daarteen, hy steek desnoods geboue daarvan aan die brand. Hy is volkome be=wus daarvan dat hy vir sy toekoms daarvan afhanklik is, aangesien hy een of ander beroep in die „Establishment" moet beklee, maar dit is presies waarteen hy rebelleer. Daarvoor plaas hy sy toekoms op die spel en riskeer hy die bestendigheid van 'n loopbaan.

Die korrupsie van die „Establishment" is in die oë van die „New Left" so ingrypend dat dit met niks anders as omkering reggestel kan word nie. Hierin verskil, volgens Gish, Liberalisme van Radikalisme. Die liberalis aanvaar dat die veronderstellings en behoeftes van die „Establishment" legitiem is en verkies daarom om van binne-uit die sisteem te verander, indien dit nodig is. Die radikalis, daarenteen, verwerp die ligitimiteit van die „Establishment" en is van oortuiging dat betekenisvolle verandering nie deur middel van bestaande struk=ture bewerkstellig kan word nie. Hierdie analise lei die radikalis

om met die bestaande orde van sake te breek.[64)]

Die twee belangrikste eksponente van die „Establishment" is die rege= ring en die universiteit. Aan die regering word allerlei korrupsie, oneerlike kompromie, morele ontwykings en dubbelsinnighede toege= skryf. Dit kom dan veral en ten duidelikste aan die lig in die oor= logs- en bewapeningsbeleid. Die ander eksponent van die „Establish= ment" en die een wat die maklikste gelokaliseer en beveg kan word, is die universiteit. Volgens die radikalis is die universiteit 'n hand= langer van die kompleks vir wie dit navorsing doen en mannekrag op= lei en voorsien.

Meeste aktiviste het ongetwyfeld nie tot hulle revolusionêre opvattings aangaande die „Establishment" gekom deur net daaroor na te dink en die „euwels" daarvan in rustige diskussie en debat onder mekaar te beredeneer nie. Dit is ook seker nie maar aan hulle geleer deur een of ander linkse en revolusionêre dosent nie. Meeste het akti= viste geword deur aktief op te tree. Of dit nou 'n optrede was teen die onderdrukking van die swartman en die bestendiging van siviele regte op gelyke wyse vir alle Amerikaanse burgers en of dit 'n optrede was om een of ander hervorming binne die universiteit te bewerkstel= lig, hulle was oortuig dat hulle besig is om te ruk aan die pilare van die „Establishment". In hulle oë het hulle in opstand gekom teen beginsels en praktyke, teen wette en retoriek, teen tradisionalisme en institusionalisme waaraan ongetwyfeld die element van onmenslik=

64) Cf. Gish, Arthur, op. cit., pp. 30, 31.

heid ten grondslag lê.

Wolin en Schaar formuleer hierdie weerstand soos volg: „There is no need to document again the growing rejection among the young of the values and life styles of corporate, technological, and imperial America. Similarly, it is superfluous to recite how technological society seems to the young to offer little in the way of meaningful work. They see the system as a vast processing plant which con= verts human lives into trash for consumption and weapons for destruc= tion. The rejection of society has been accompanied by an equally profound hostility to the education designed to serve society's ends." 65)

65) Wolin and Schaar, op. cit., p. 14.